



**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
BYBELKENNISEKSAMEN – 2021**

GRAAD 6 – VRAESTEL

BESTEK	
Ou Testament	Rigters 13-16
Nuwe Testament	Handelinge 11-12
Les	Les 1-9

AFDELING A: Rigters 13-16

Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 In wie se hand het die Here die volk Israel oorgegee? (Rigters 13:1)
a) Amalekiete (b) Midianiete (c) Egiptenare (d) Filistyne
- 1.2 Wie het tot die Here gebid? (Rigters 13:8)
a) Dawid (b) Manoag (c) Esau (d) Ebsan
- 1.3 Wie het saam met sy vader en moeder na Timna gegaan (Rigters 14:5)
a) Kain (b) Elom (c) Simson (d) Jefta
- 1.4 Wat het Simson gaan vang (Rigters 15:4)
a) Jakkalse (b) Wolwe (c) Leeus (d) Donkies
- 1.5 Wie was die vrou wat Simson lief gekry het? (Rigters 16:4)
a) Hagar (b) Delila (c) Rebekka (d) Maria

Vraag 2 Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:

eselskakebeen; leeu, hare; swanger; brood

- 2.1 Kyk jy sal **A** word en 'n seun baar (Rigters 13:7)
- 2.2 Al hou jy my op, ek sal nie van jou **B** eet nie (Rigters 13:16)
- 2.3 Toe hy uitdraai om na die **C** te kyk was daar 'n swerm bye (Rigters 14:8)
- 2.4 Simson het 'n vars **D** gevind en sy hand uitgesteek en dit geneem en daar duisend man mee verslaan (Rigters 15:15)
- 2.5 Maar die **E** van sy hoof het weer begin groei sodra dit afgeskeer was (Rigters 16:22)

Vraag 3 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 3.1 En God het geluister na die stem van Manoag (Rigters 13:9)
- 3.2 Ons sal sekerlik sterwe, omdat ons God gesien het (Rigters 13:22)
- 3.3 En die vrou het 'n seun gebaar en hom Dawid genoem (Rigters 13:24)
- 3.4 Gee maar jou storie op, dat ons dit kan hoor (Rigters 14:13)
- 3.5 Maar sy het 15 dae wat hulle maaltyd geduur het, by hom gehuil (Rigters 14:17)
- 3.6 Sy vriend wat as sy bruidsjonker gedien het, het die vrou van Simson gekry (Rigters 14:20)
- 3.7 Gideon se dienaar se naam was Oreb. (Rigters 7:10)
- 3.8 As julle so maak, sal ek sekerlik nie rus voordat ek my op julle gewreek het nie (Rigters 15:7)
- 3.9 En toe hy klaar gespreek het, gooi hy die beeskop uit sy hand en noem die plek Beeskophoogte (Rigters 15:17)
- 3.10 En Simson slaan sy arms om die twee middelste pilare waar die huis op gerus het (Rigters 16:29)

20 Punte

AFDELING B: Handeling 11-12

Vraag 4 **Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:**

- 4.1 En toe _____ opgegaan na Jeruselem, het die wat uit die besnydenis was, met hom getwis (Hand. 11: 2)
(a) Johannes (b) Lukas (c) Petrus (d) Markus
- 4.2 Nooit nie, Here, want niks onheiligs of _____ het ooit in my mond ingegaan nie (Hand. 11:8)
(a) sleg (b) onrein (c) lelik (d) rein
- 4.3 Johannes het met _____ gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word (Hand. 11:16)
(a) vuur (b) sand (c) blare (d) water
- 4.4 So het God dan ook aan die _____ die bekering tot die lewe geskenk (Hand. 11:18)
a) Heidene (b) volke (c) stamme (d) nasies
- 4.5 Petrus het aangehou met _____; en toe hulle oopmaak, sien hulle hom en was verbaas (Hand. 12:16)
(a) skop (b) slaan (c) klop (d) skreeu

Vraag 5 **Voltooi die volgende sinne en vul die antwoord op die antwoordstel in:**

neergedaal; onbesnede; slag; skoene; toegeneem

- 5.1 By A manne het jy in die huis gegaan en saam met hulle geëet (Hand. 11:3)
- 5.2 'n Groot voorwerp het uit die Hemel B soos 'n groot laken (Hand. 11:5)
- 5.3 En ek hoor 'n stem vir my sê: staan op Petrus C en eet (Hand. 11:7)
- 5.4 En die engel sê vir hom: omgord jou en trek jou D aan! (Hand. 12:8)
- 5.5 Maar die Woord van God het gegroei en E (Hand. 12:24)

Vraag 6 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 6.1 En toe ek die oë daarop hou en dit waarneem sien ek die tweevoetige diere van die aarde. (Hand. 11:6)
- 6.2 En die wilde en kruipende en die voëls van die Hemel. (Hand. 11:6)
- 6.3 Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie. (Hand. 11:9)
- 6.4 En dit het tien maal gebeur en alles is weer verbrand in die Hemel. (Hand. 11:10)
- 6.5 En hulle het 'n hele 50 jaar lank in die gemeente saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee (Hand. 11:26)
- 6.6 En in die dae het daar Kommuniste van Jerusalem na Antiochië afgekom (Hand. 1:27)
- 6.7 En hy het Jakobus, die broer van Johannes, met die swaad omgebring (Hand. 12:2)
- 6.8 Toe hy Petrus gegryp het, het hy hom in 'n paleis gesit en oorgegee aan vier boemelaars (Hand. 12:4)
- 6.9 En meteens staan daar 'n Engel van die Here by hom, en daar is 'n reënstorm (Hand. 12:7)
- 6.10 En op 'n bepaalde dag het Herodus 'n koninklikekleed aangetrek en op die troon gaan sit en hulle toegesprek (Hand. 12:21)

20 Punte

AFDELING C: Les 1-9

Vraag 7 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 7.1 Dawid was 'n skaapwagter. (Les 1)
- 7.2 Die terugvind van 'n penning bring groot blydschap. (Les 2)
- 7.3 Die verlore seun se vader was glad nie bly toe hy huis toe kom nie. (Les 3)
- 7.4 Die oudste broer was bly toe sy jonger broer huis toe kom. (Les 4)
- 7.5 Die Samaritaan het die Jood gehelp wat in nood was. (Les 5)

Vraag 8 **Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:**

kort; reine; swakheid; kind; koning

- 8.1 As Jood is hy tog _____ van Abraham. (Les 6)
- 8.2 "Een ding" sê Jesus "kom jy _____". (Les 7)
- 8.3 "Ag kon maar 'n _____ voortkom uit 'n onreine". (Les 8)
- 8.4 'n Koninkryk is 'n ryk of 'n gebied waar 'n _____ heers. (Les 9)
- 8.5 Ek is so dankbaar dat die Here my _____ so goed begryp en Hy weet dat saam met die gebed om brood elke dag. (Les 9)

10 Punte

Totaal: 50 Punte